Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
WELGEMOED & Kie.
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA

Die O.B.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O B", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk. Posbus 1411, Kaapstad

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 1 MAART 1944. No. 15.

# Dr Van Rensburg Dui Weg Aan

**Vanaand wil ek, met u verlof, u besig hou oor die Ossewabrandwag en die Sosialistiese Eeu, die eeu wat veral nou, gedurende hierdie wêreld-oorlog steeds duideliker en sterker op die voorgrond tree, in midde van ineenstortende kapitalistiese empires. En ek voel dat Stellenbosch ook 'n geskikte plek is om so 'n tema te behandel. Hier waar menig toekomstige leier gevorm word en waar 'n gees van ondersoek heers — veral hier kan mens 'n nuwe gesigspunt behandel.**

**Aldus het die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, dr. J. F. J. van Rensburg, Saterdagaand, 26 Februarie, sy toespraak ingelui, toe hy by geleentheid van die Vryheidsdagviering op Stellenbosch, voor 'n groot en verteenwoordigende gehoor in die stadsaal opgetree het.**

**Voorts het hy verklaar:**

## Brood ook Nodig

Vir bykans 'n eeu moes ons volk veg en spartel om sy blote identiteit as aparte Volk in die Volkery. Sy kerk, sy taal, sy onafhanklikheid, kortom sy **siel**, was op die spel. En sielloos kan 'n volk ewemin as 'n mens leef. Daarom moes hy veg — en daardie stryd het hy gewen. Die volksiel, danksy ons voorgangers, is gered en onuitwisbaar in elke Afrikanerhart geplant. Maar 'n volk, net soos enige ander organisme, is nie net siel nie; hy is liggaam ook en die onverbiddelike wet van die lewe hier op aarde is dat siel en liggaam bymekaar gehou moet word. **Al leef mens nie van brood alleen nie, sonder brood gaan die lewe ook ten gronde. En die tyd het gekom dat ons volk ook vir die liggaam moet sorg — of ondergaan as volk.**

## Ons Voortbestaan Verseker

Ek wil vir u 'n kort uiteensetting van die Ossewabrandwag se lewensbeskouing, sy geestelike inhoud vanaand weergee; 'n lewensbeskouing wat by die dag duideliker en sterker in sy geledere kenbaar word. U mag vra waarom ons nie vroeër met hierdie ideologiese inhoud gekom het nie. Die vraag is geregverdig, en die antwoord ook; naamlik omdat ons nou eers die stadium intree waarin ons, vry van onverantwoordelike inmenging van buitestaande organisasies, en versekerd van ons voortbestaan, ons aan hierdie dinge kan wy. Bowedien was ons drie, vier jaar lank, feitlik sedert ons ontstaan, genoodsaak om elke krag in te span net in die stryd om die voortbestaan. Ons moes onsself lam veg net om te verhoed dat ons beweging nie ondergaan nie. En op alle fronte, van alle kante het dit vernietigende houe gereent op die Ossewabrandwag, almal se hand was teen hierdie jong Ismael, die Ossewabrandwag. Sy eie krag en sy eie geloof was sy enigste bolwerke. **Vier jaar lank moes ons veg om die blote bestaan. Geagte mede-Afrikaners, die versekering gee ek u — daardie stryd is beslis en hy is gewen, al is hy nog nie beëindig nie. Laat my dit benadruk: die Ossewabrandwag het gekom om te bly, as 'n lotsbestemmende faktor in die Afrikaner se Volkslewe.** Hy het gekom om te bly, net soos Sinn Fein 'n lotsbestemmende deel van die Ierse Volk uitmaak vir toekomstige eeue. En die trou-eed wat andere so ligvaardiglik verbreek het, daardie eed is die Ossewabrandwag voornemens om te hou. In kampe en in tronke, tot in die doodsel van Pretoria-Sentrale Gevangenis, en tot in die Noodhulpfonds vir Afrikanervroue en -kindertjies het hy daardie eed gehou.

Maar daardie stryd het drie, vier jaar lank al ons kragte geëis en eers sedert die tweede helfte van verlede jaar, eers vanaf 1943 het dit vir ons duidelik geword dat daardie felle storm verbytrek. Dat ons swaar moes ly is onbetwisbaar — dat ons standgehou het is nog duideliker.

## O.B. Gee Wat Hy Het

By die jongste Grootraadsitting — November 1943 — is 'n kort, samevattende formulering van die beleidstukke van ons Studie-laers opgestel — Studielaers wat oor 'n jaar lank 'n stelselmatige studie van beleidskwessies gemaak het. Daardie korte formulering het sedertdien in die amptelike orgaan van die beweging verskyn. Veral een ding is opvallend, naamlik dat die hele beleid organies saamhang met die wese van die Ossewabrandwag. Mens verwag nie marxisme van 'n kerklike liggaam nie; ewemin verwag mens christelik-nasionalisme van die ateïstiese komintern. **Dit is spreekwoordelik dat mens nie meer kan gee as wat jy het nie, of meer as wat jy is. En ook die Ossewabrandwag kon net gee wat hy is. Enigiets anders sou blote fantasie wees, nie lewensbeskouing nie.** Kortliks formuleer die Grootraad ons doel en strewe as 'n Republikeinse Gesagstaat, partyloos in sy samestelling en Christelik-Nasionaal in sy wese. Maar — en veral dit wil ek vanaand beklemtoon — die sterkste drang van hierdie Christelik-Nasionale Gesagstaat is op die sosiale bedrywighede gerig. Ek het gepraat van 'n koersbepalende kern in enige volk of in enige beweging.

## Die Wese van die O.B.

Nou sal u my vra: „Wat is die kern van die O.B. dan, wat die koers van sy lewensbeskouing kleur en bepaal?" Laat my 'n paar voorbeelde noem. As u my sê dat daar in die mynbedryf goedgesinde mense is, goedgesind vir die O.B., en ek moet hul soek, dan weet ek vooraf dat hul nie in die Corner Huis of onder die mynmagnate is nie. Nee, ek sal hul by voorbaat soek en goddank ook vind — onder die werkers, die mense wat onder die aarde goud moet uitgraaf vir vreemde base en alte dikwels myntering moet uitgraaf vir hul eie Afrikanerlonge. En as ek hul op die spoorweë moet soek dan weet ek vooraf dat hul nie onder die hoofamptenare is nie dog wel onder die werkers en arbeiders. En in die leër is dit nie generaal So en So, of kolonel Dit en Dat nie dog wel die manskap of onder-offisier. En onder grondeienaars is dit nie die base van die groot kompanieplase nie maar die boerende boer wat op sy arbeid aangewese is en op die weer en die rente aan sy verbandhouer of aan die Landbank. Daar is gelukkige uitsonderings, maar hul is baie dun gesaai in ons geledere. **Die oorgrote gros van die Ossewabrandwag is mans en vrouens wat nie onbekommerd die toekoms kan insienter nie. Maar as dit die geval is dan is dit ook organies gepostuleer dat die ideologiese inhoud van die beweging daardie samestelling weerspieël. 'n Beweging van strydende Afrikaners, werkers en kleinboere, sal nie die gees van 'n kliek geldbase of internasionale Jode asem nie.**

Maar ek wil u vanaand oortuig **dat dit juis om hierdie rede is dat die Ossewabrandwag vir die essensiële belange van die Afrikanervolk kan stry.** En dat ons oorwinning die oorwinning van die Afrikanerdom gaan wees.

## Naamswisseling

**Het dit u al ooit bygeval, geagte mede-Afrikaners, dat ons volk van alle volkere binne n korte vyftig jaar selfs sy nasionale naam gewissel het?** Waar almal eertyds gepraat het van die „Boerevolk" praat onsself vandag van die „Afrikanerdom", en ons sing „Afrikaners, Landgenote". Hoekom? Omdat ons volk binne een mense-leeftyd van aard verander het, wat sy uiterlike aard betref. **Vyftig jaar gelede was ons 'n volk van boere, vry, selfstandig en met weinig om oor te kla. Vandag is die oorgrote meerderheid verstedelikte werkers.**

(Vervolg op bls. 3, kol 1)



Die Leier van die Afrikaanse Volksbeweging.

## Die Burger Bly Nydig

Dit het al 'n instelling geword dat die Ossewabrandwag jaarliks, op 27 Februarie, alle republikeinse Afrikaners oproep om saam te trek vir die viering van Vryheidsdag. Hierdie jaar het dit weer gebeur. Vanjaar ook het die Ossewabrandwag alle Afrikaners versoek om op Vryheidsdag hul offers te kom stort in die Noodhulpfonds, wat deur die volksbeweging in die lewe geroep is vir die versorging van geïnterneerde Afrikaners en hul afhanklikes.

Die Stafhoof van die Org.-hoofkwartier, adv. J. de Vos, het 'n kennisgewing, om die plekke en tye van hierdie feesvierings bekend te maak en alle Afrikaners daarheen uit te nooi, vir publikasie aan Die Burger gestuur. Die doel was om die Vryheidsdagvierings, en die bestemming van die fondse wat daar ingesamel sou word, onder die aandag van soveel moontlik Afrikaners te bring.

**Die Burger het geweier om hierdie advertensie op te neem, „aangesien", so is aan adv. De Vos geskryf, „daar 'n besluit van ons Direksie bestaan dat ons die kolomme van ons blad nie vir advertensies of berigte van die O.B. kan beskikbaar stel nie."**

Die Burger sien egter sy weg wawyd oop om sy kolomme ruimskoots af te staan vir oorlogsadvertensies. **Die Vryheidskavalkade van die Regering, wat vir die Goewerneur-Generaal se Nasionale Fonds geld insamel, word geredelik in Die Burger geadverteer, maar die blad weier om die Vryheidsdagvierings van die Ossewabrandwag, wat vir die Noodhulpfonds geld insamel, te adverteer.**

Moet 'n mens aanneem dat die H.N. Party toegeefliker is teenoor sy parlementêre kollega, die Verenigde Party, onder leiding van die Britse Veldmaarskalk, as teenoor die republikeinse volksbeweging, die Ossewabrandwag, onder leiding van die Kommandant-Generaal?

£100,000

in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ...............................................

...............................................

(O.B., 1 Maart 1944) ...............................................

Ons sukses is u voorspoed

# Publieke Verkoping

VAN

## Kosbare Karooplaas, Lewende Hawe, Boerderygereedskap, Masjinerie, ens., ens.

Die ondergetekende, behoorlik gelas deur mnr. W. J. HAYWARD, van ALLEMANSKRAAL, distrik Steytlerville, (wat om gesondheidredes besluit het om die boerdery op te gee) sal per openbare veiling te koop aanbied

## Op ALLEMANSKRAAL, Distrik Steytlerville

## *Op WOENSDAG, 29 MAART 1944, om 9.30 vm.*

1. Die kosbare plaas bekend as ALLEMANSKRAAL, groot 9,560 morge, geleë 10 myl vanaf Steytlerville en 15 myl vanaf Mountstewart-stasie. Die plaas is geheel omhein met jakkals-proef en verdeel in 18 kampe met volop water uit fonteine, boorgate en damme. Die Kamferspoort-Rivier en Groot-Rivier loop deur die eiendom vir ongeveer 10 myl met pragtige doring en brak langs die oevers. Die veld is 'n mengsel van karoo, gwarrie, granaat, pruim, vyebossies, spekboom, dorings, gannas, brak en ook sekere dele noors of rooigras.

**LANDERY:** 75 morg (min of meer) waarvan ongeveer 35 morg onder gewortelde lusern wat besproei word deur twee enjins met 8 en 10 duim pompe uit die Kamferspoort-rivier en groot vloedwater dam, en verdeel in 3 kampe met water aangelê in suipbakke in elke kamp vir vee.

**WILD:** 250 Koedoes min of meer, 20 Springbokke en baie ander soorte kleinwild.

**VERBETERINGS:** Moderne en gerieflike woonhuis met 5 Slaapkamers, Eetkamer, Sitkamer, Kombuis, Spens, Kantoor, Badkamer (water aangelê in Kombuis en Badkamer), Spoelgemakhuis en Verandah aan twee kante. Elektriese Lig in Woonhuis. Buitegeboue: Groot Skeerhuis 72 x 32 vt. met 10 Skeerhokke met valdeure, 3 Stoorkamers, Garage, Stal vir 3 perde. Voormanshuis met 4 vertrekke en gemakhuis, Woonhuis met 3 Slaapkamers, Eetkamer, Kombuis, Spens en Kantoor. Huise vir plaasarbeiders, Skuur en nodige Krale. Twee stelle Krale waar 8 kampe se vee mee gewerk word.

2. **VERKOPING VAN PLAAS:** Die Plaas sal eers in drie dele opgeveil word, nl.: 5,009, 3,915 en 636 morge en dan as 'n geheel.

3. **LEWENDE HAWE:** (6,784 Skape en Bokke) 1,500 Merino Ooie 2 tand tot volbek. 700 jong Merino Skape, wissel 2 tande, 2,500 Merino Hamels 4 tande tot volbek, 250 Merino Lammers, 16 Merino Ramme. STOET SKAPE: (Beroemde Geelbek-stoetery) 117 Ou Ooie, 60 Ooie 2 tot 4 tande, 33 Ooi Lammers, 50 Ramme 2 tot 4 tande, 45 Ram Lammers, 3 Stoet Ramme. Meeste van die skape het 6 maande wol en is in uitstekende kondisie. BOKKE: 1,500 gemengde Angoras, 10 Angora Ramme, 100 Gemengde Bokke. Al die bokke is spekvet. 3 Friesland Koeie in melk, 1 Friesland Vers, 3 Reunperde, 3 Muile.

4. **BOERDERYGEREEDSKAP, MASJINERIE, Ens.:** Allis Chalmers Trekker 30/38 p.k., Moline 3-voor ploeg vir trekker, Ransomes Rotary Skraper, Olivier 36 Cultivator (11 tande), 2 Lusern-snymasjiene, 2 Lusern-harke, 2 Dubbelvoor en een Enkelvoor Ploeg, Damploeg, Killefer offset Disc., Killefer Kombinasie regs en links Ploeg met Breker, Voermasjien gedrywe deur 2½ P.K. Newway Enjin gebou op trollie, Eenry-mielieplanter, Mielie-afmaker, Skoffelploeg, Morris Ditcher, Martin Cultivator, 2 „Centrifugal" Pompe, 300 vt. x 10 duim; Staal Pype (lood verbinding) 20 vt., 6 duim Pype, 20 vt., 5 duim Pype, 'n paar lengtes 8 duim Asbestos Pype, ongeveer 5,000 vt., Gegalv. Pype, ¾, 1 en 1½ duim, Koring Meul, 2 Bokwaens, 1 Kapkar, 12 vt. Windmeulkop, Skeermasjien met 4 skêre, Skeermasjien met 8 skêre, 6 Verskuifbare Wolkaste, 3 Wolsorteertafels, Fairbanks Morse Petrol/Paraffien-enjin, 3.p.k., Force Pomp (kan water tot 400 vt. hoogte pomp), Donalds Wolpers, Platvorm-skaal, 4 Graantenks vir 50 sakke graan elk, 50 sakke mielies, 2 sakke lusernsaad, 2 sakke bone, Slepers, Hout en Ysterpale, Hakkies-, Glad en Ogiesdraad, Gegalv. Glad en Gegroefde Sinkplate, hoeveelheid Timmerhout, Motor-batterye, Windlaaier met Radio (Paramount). Elliot's Engineers Spirit Level met Driepot, Stanley's Spirit Level, Pyp-snytuig, Stocks en Dice, Skaafbank, Aambeeld, Pypsnyers, Boutjies en Moertjies, Staivurke, Skopgrawe, Grawe, Hamers, ens., Span Perdetuie, 1 Paar Kartuie, Saals, Voerbakke, Ysterboormasjien (Steel Drill), Ligte Ford V8-afleweringswa, Lusern-miedens, ens., ens.

Vir nadere besonderhede doen aansoek by die Afslaer.

**Onthou: WOENSDAG, 29 MAART 1944, op ALLEMANSKRAAL, distrik Steytlerville.**

Posbus 15,
Steytlervill.
17/2/44.

HENRY J. KILIAN,
Afslaer.



## ELLA ELOFF-VAN DER WALT

**SE JONGSTE LIEFDESROMAN —**

## WEERKLANK VAN DIE KLOWE

**PRYS 7/- POSVRY.**

**DIE VROU WAT NIE MOG LIEFHÊ NIE !**

NA die berge het sy haar toevlug geneem om aan die lewe te probeer ontvlug. DAAR, in die wye natuur, het sy vrede in haar siel gevind totdat die wrede lewe haar ook daar betrap het.

SY mog hom nie liefhê nie, maar sy kon hom ook nie haat nie. Want oor haar lewe het immer die skaduwees van 'n mistrap gelê. AL haar hartstogte was maar soos 'n WEERKLANK UIT DIE KLOWE. Selfs haar geluk was net so kortstondig soos 'n WEERKLANK.

Bestel vandag

## WEERKLANK VAN DIE KLOWE

deur

*ELLA ELOFF-VAN DER WALT*

**PRYS 7/- POSVRY.**

van

## AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,

SPOORBONDKASGEBOU,
Posbus 845, De Villiersstraat 15, Foon 33-6797.
JOHANNESBURG.


**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

# K.G. Luisteryk op Stellenbosch Ontvang.

Die Stellenboschse vergadering, by geleentheid waarvan die Kommandant-Generaal sy belangrike toespraak afgesteek het, was 'n treffende en indrukwekkende gebeurtenis. Op 'n baie geslaagde wyse het die vieringsplegtigheid met betrekking tot Vryheidsdag in die stadsaal afgespeel. Hierdie verrigtings was 'n grootse inleiding vir die toespraak van die leier wat daarop gevolg het. Die groot gehoor het die seldsame voorreg gehad om tegelyk 'n prentjie uit die verlede te sien, en 'n voorafskaduwing van die toekoms te ervaar.

### VLAGVERSIERING

Die stadsaal was met Ossewabrandwagvlae en -baniere versier. Uit die hoë vensters ver bo die vloer van die saal, het groot Ossewabrandwag-vlae reghoekig met die mure afgehang. Elk van hierdie vlae is beskerm deur 'n vlagwag, in wit geklee, met 'n blou nekdoek om sy nek, wat bo in 'n venster geplaas was. Op die vloer van die saal is vlagwagte oral langs die mure geplaas vir die doeleindes van banierversiering. Die baniere het aan dwarsbalkies gehang, wat reghoekig aan gewone vlagstokke geheg was. Die wagte het die stokke regop langs die mure gehou. Dus net soos die vlae het die baniere ook reghoekig met die mure gehang, en nie teenaan die mure nie. Aan weerskante van die verhoog het twee wagte met vlae posisie ingeneem. **Die vlagversiering het die groot kaal stadsaal in 'n vrolike nasionale vergadersaal omgeskep.**

In die voorste regterhoek van die saal het die orkes plek ingeneem. Hiervandaan het hulle die verrigtings met wekkende musiek opgeluister, en die begeleiding verskaf vir die gesamentlik sang van volksliedere.

Die vlae en die musiek was 'n weerspieëling van die frisheid en lewensvreugde van die Ossewabrandwag — die verjongingsbeweging van die Afrikanerdom.

### HUIDJIE EN MUIDJIE

Die stadsaal was stampvol. Almal, studente en publiek, het Saterdagaand hul ore gaan oophou vir die woorde van die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag. Net soos op die ander vergaderings van die K.G. het die O.B.-vroue weer in hul wit rokke by hierdie vergadering opgedaag.

Die vergadering het onder bevel van die plaaslike generaal, dr. S. J. Pretorius gestaan, en sy adjudant, hoofkommandant J. Yates, het as die voorsittende-offisier opgetree. Die orde is gehandhaaf deur die Majoor van die Wag, A. S. Roux, met sy wagkapteins en hul manskappe. Vir orkes- en vlagwagte het die generaal afdelings van die plaaslike studente-kommandos gebruik. Tot laasgenoemde eenheid behoort ook die orkes wat opgetree het.

### DIE KANTATE

Nadat die voorlopige aankondigings deur die komdt.-voorsitter gedoen is en die aanwesiges 'n paar keer onder orkes-begeleiding saamgesing het, het die generaal op die verhoog verskyn net agter die voetligte, en vóór die swaar fluweel-gordyne wat die verhoog van die saal skei. Hy het 'n kort inleiding tot die Amajuba-kantate voorgelees. Toe het die ligte in die saal dof geword; die swaar gordyne het opgegaan en die silhoeët van Amajuba-berg het op die verhoog duidelik sigbaar geword teen 'n verligte agtergrond — die kleure waarvan gedurig gewissel het. Onder 'n doodse stilte is die kantate van agter uit die saal voorgedra deur die koor en die ander deelnemers daaraan. Dit was werklik aangrypend.

### DIE GELOFTE

Hierna het die generaal weer voor die mikrofoon verskyn om die Vryheidsgelofte voor te lees. Die skare het opgestaan as teken van hul aanvaardiging van die belofte. Net toe die generaal begin lees het, is die wapen van die O.B., in wit, deur middel van lig-manipulasie op die silhoeët van Amajubaberg gegooi. Die wapen het daar bly pryk tot dat die generaal klaar gelees het en die groot skare, soos een man, die belofte afgelê het. Die ligte het aangegaan en die eerste deel van die program was afgehandel.

### DIE AANKOMS VAN DIE K.G.

Onder 'n gerommel van tamboere het die Kommandant-Generaal, gevolg deur sy adjudant die saal binnegekom. Hy het alleen die verhoog bestyg, waar hy deur komdt. Yates gesalueer is. Terwyl die K.G. en die voorsittende offisier op saluut gebly het, het die orkes, as saluut namens die gehoor, die eerste twee balke van die Stem van Suid-Afrika gespeel. Daarna het die K.G. en die komdt.-voorsitter, links op die verhoog op aandag gaan staan.

### DIE VLAGHYSING

Met die orkes vooraan, het eenhede van die wagafdeling op die maat van 'n wakker marsdeuntjie, die saal binnemarsjeer en voor, vlak teen die verhoog tot stilstand gekom, terwyl die orkes nog steeds aanhoudend gespeel het. Drie wagte het hiervandaandaan na die verhoog marsjeer. Op die verhoog is die O.B.-vlag gehys terwyl die tamboere imposant gerol het. Regs van hierdie vlag het 'n wag met die rooi en swart vlag van die wagafdeling plek geneem en links daarvan het 'n ander wag gestaan met nog 'n O.B.-vlag.

Toe die laaste gerol van die tamboere weggesterf het, het die K.G. en die komdt.-voorsitter by die tafeltjie op die verhoog plek ingeneem.

### BOEREJEUG SE OFFER

Die veldkornette van die plaaslike afdeling van die Boerejeug het op hierdie stadium 'n tjek, namens die Boerejeug aan die K.G. oorhandig, vir die Noodhulpfonds. Die K.G. het verklaar dat die tjek groot genoeg is om vir 'n maand lank tussen die gesin van 'n geïnterneerde medestryder en gebrek te staan. Die jeug kan geen beter saak as die versorging van geïnterneerdes en hul afhanklikes dien nie, het hy besluit.

Net voordat die K.G. aan die woord gekom het, is hy deur genl. Pretorius verwelkom. Die akademiese jaar op Stellenbosch, het die generaal gesê, kan deesdae nie meer aanvang sonder dat dit ingelui word deur 'n besoek en 'n groot vergadering van die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag nie. Vanjaar is geen uitsondering op vorige jare nie.

Ons verwelkom almal baie hartelik vanaand hier, het hy voortgegaan, — nuwelinge in die studentegemeenskap, sowel as andersdenkendes onder die publiek. Ons is 'n volksbeweging en ons nooi elkeen uit om die grondslag van die O.B. te aanvaar as die basis van sy eie eerlike stryd.

Die K.G. is dubbel welkom in ons midde, want hy is nie alleen die verpersoonliking van die volk se nasionale strewe nie, maar ook van sy sosiale strewe, het die generaal besluit.

Aan die einde van die K.G. se toespraak het die skare op die been gekom en spontaan hulde gebring aan die leier van die Afrikaanse Volksbeweging.

## NEGE MAATJIES OP HUL POS

Nege maatjies van die Boerejeug — Hendriehette en Vivia Spoelstra, Laura du Plessis, Rina, Linda, Mercia en Jeanne du Toit, Marie Coetzee en Leonie de Jager — het op Oujaarsdagaand, verlede jaar, 'n konsertjie langs die Vaalrivier gehou. Die toneelstukkie wat opgevoer is, is deur Rina du Toit self vir die geleentheid geskryf, en die opbrengs sou gaan vir die Noodhulpfonds. Die gehoor wat van oral uit die omstreke opgedaag het, het die program besonder geniet.

Die vernuftige dogters kon die mooi sommetjie van £1-6-1 in die Boerejeug se Noodhulpfonds stort.

Die gene wat woeker met hul talente doen goed, maar diegene wat woeker in belang van 'n edel saak, doen die beste.

# Afrikanerdom Aanvaar Volks-eie Sosialisme: Verwerp Kommunisme en Kapitalisme

(Vervolg van bls. 1)

Ek gee u 'n paar amptelike sensus-syfers. In 1891 was 65% van die blankes in Suid-Afrika op die platteland woonagtig en 35% in die stede. Bykans twee-derde boere en een-derde stedelinge. Sowat veertig jaar later, 1936, het die 65% gedaal tot 34.7% en die stedelike verhouding het gestyg van 35% tot 65.25%. D.w.s. die verhouding het in een mense-leeftyd feitlik omgeswaai. En die industrialisering — en daarmee die verstedeliking, het sedertdien baie sneller toegeneem. In 1936 het die O.V.S., wat by uitstek die plattelandse provinsie is, helfte van sy blankes binnekant munisipale gebied getel. **U sien dus die mees ingrypende verskuiwing van die aksent na die stede.** G'n wonder dat die historiese benaming „Boerevolk" vanself en in die volksinstinkt in die wyer benaming „Afrikanervolk" omgeslaan het.

## Die Betekenis Daarvan

U mag sê dat hierdie feite alombekend is en dus nie hoef genoem te word nie. **Maar kennisname is nie genoeg nie — u moet dit as aktuele faktor reken in enige volkspolitieke koers wat u volk moet inslaan.** As u hoor dat vloedwaters kom dan is kennisname die minste; u moet u ook inrig daarna.

Ons erken dus eerstens dat die boerende Boerevolk van eertyds grotendeels, selfs oorwegend, die verstedelikte Afrikanervolk van vandag geword het. Was dit maar al! Maar dis nie net 'n verandering van woonplek nie, dis ook 'n verandering van status. Want in watter hoedanigheid het die boereseun en boeredogter stad toe getrek? As werkgewer of as werknemer, dikwels ongeskoolde werknemer? Is hulle die ryk renteniers in die groot wonings, die groot base en sakemanne? Ek praat van die oorgrote meerderheid van Afrikanergesinne in die stad, nie van 'n paar betergesteldes nie. As u wil weet of die Afrikaner as tipe onder die grootbase tel in die stede, gaan soek net die Afrikaner-woonbuurtes uit. Neem Kaapstad. U hoef nie te soek in Kenilworth, St. James, Muizenberg en ander pronk-voorstede nie. Nee, in Maitland, Die Vlakte, Vasco — orals waar die groot pronkwonings skitter deur afwesigheid en arbeid opvallender is dan weelde — daar vind u u mense. En soos met Kaapstad, so ook met Johannesburg, Durban, Pretoria, Port Elizabeth en elders. Selfs in die kleinstede.

**M.a.w. nie net het die eertydse Boerevolk verstedelik; ook het hy verarm en hy het as werknemer, nie as werkgewer nie, sy plek in die stad moet inneem. Die werkgewer daarenteen is oorwegend nie-Afrikaner; en buite alle verhouding is hy 'n Joodse immigrant.**

## Die O.B. Aanvaar die Stryd

Dit help nie om te sê „Wat daarvan? Elkeen weet dit". Hoe meer hierdie feite bekend is hoe minder verskoning is daar om dit as faktor, as **fundamentele faktor** buite rekening te laat in volkspolitieke stellingname. Soos ek netnou gesê het; dis nie genoeg om feite te weet nie; mens moet met hul handel. Anders kan jy net sowel aansluit by daardie slim mense wat in studeerkamers op gemakstoele alles weet en heeldag fout vind met die O.B. Slim mense wat alles beter weet. Hul weet alles — en verstaan niks en hul doen nog minder.

**Die een feit bly dat die kinders van die selfstandige boer van die jongste verlede die stedelike werkers en werksters van vandag is. En die kinders van die boer van vandag is die stedelike werkers en werksters van die nabye toekoms. En daarom, geagte volksgenoot, omdat die volk iets van die toekoms is sowel as van die verlede is die stryd van die Afrikanerwerker in die stad die stryd van die Afrikanerdom as geheel.** En die Ossewabrandwag gaan daardie stryd steun met siel en met liggaam. En wat sy strydwaarde is, het vier jaar se konsentrasiekampe en tronke vir vriend en vyand getoon. En hy baseer sy sosiale volkspolitiek op die Afrikanerwerker; en sy ideologiese inhoud is deur en deur gekleurd met dié van die Afrikanerwerker.

## Die Welvaart van die Werker

Laat my 'n korte voorbeeld noem. Veronderstel dat die gemiddelde Afrikaner-advokaat se familie weens gebrek, slegte behuising en ontoereikende mediese hulp sou moet ly — dan sou dit tragies wees en die volk sou in toekomstige geslagte die knou voel, soos die Duitse volk van vandag nog deur die onmenslike hongerblokkade van destyds moet ly. **Ek herhaal, as die gemiddelde advokate-familie moes gebrek ly sou dit tragies wees. Maar dit sou onsindig meer tragies wees — dit sou vir die Afrikanerdom noodlottig wees — as die gemiddelde spoorwegwerker en boer se familie gebrek moes ly.** Nie omdat die spoorwegwerker of boer beter is dan die advokaat nie, — ewemin as wat die Ossewabrandwag die advokaat as beter beskou dan die boer of die spoorwegwerker —, nie weens verskil van stand nie, maar omdat daar 'n paar honderd advokate is terwyl daar tienduisende spoorwegwerkers is. En uit die werkersfamilies kom die gros van die volk van die toekoms. En ons wil hulle so sterk en gesond as moontlik sien, na siel en liggaam. **Nie weens hul klas nie maar weens die bloed in hul are. Want een en almal, advokaat of spoorwegman, is hul draers van die Afrikanerbloed. Ons beoog hul welvaart terwille van die volk.**

## Die Volk van die Volksbeweging

Ons sien dit nie in die lig van 'n klassestryd nie — soos die Kommuniste leer nie. Ons gaan nie soos die Kommuniste klas teen klas opruі of soos die party-politiek seksie teen seksie nie. **Volkspolitiek ken g'n klasverskille nie; en die volksbeweging, die Ossewabrandwag ken nie ryk Afrikaners en arm Afrikaners nie. Hy ken net goeie Afrikaners.** Hy veg nie om elkeen van sy besit te onteien nie — soos die Kommuniste — maar juis om te sorg dat elkeen 'n besit het wat gevrywaar is teen kapitalistiese uitbuiting. Sy sosiale beskouing ken volksbelang voor klassebelang of eie-belang. En hy veg vir die volk van môre en oormôre. **En as dit glashelder is dat daardie volk 80% en meer uit werkersgesinne gaan kom dan is dit vir die Ossewabrandwag 'n vanselfsprekende plig dat hy sy stryd en sy opoffering 80% en meer op daardie flank inwerp.**

## Sosialisme wat Nasionaal is

Hier en daar mag daar die angsvallige beswaar gemaak word dat die Ossewabrandwag se ideologiese inhoud „sosialisties" is. Wat daarvan? Wil u hê 'n Beweging moet deur 'n kapitalistiese Empire se konsentrasiekampe sleep en dan moet hy weghardloop vir 'n woord? En dit nogal vir 'n woord wat die grondgedagte van die Twintigste Eeu uitmaak! As die kritikus wat net aan etikette dink — hier 'n beleid met die etiket „Imperialisme", daar 'n etiket „Imperialisme", daar 'n etiket „Nasionalisme", elders „Kommunisme" daar „Sosialisme", soos medisynbottels in 'n aptekerswinkel — as sulke etiketbreine die Ossewabrandwag nou 'n sosialistiese beweging wil noem dan maak dit by ons g'n hond haaraf nie.

Maar een ding kan ek namens die Ossewabrandwag vir u sweer: **dat hierdie sosialisme so deurdrenk en deurtrek van Afrikaner-nasionalisme is dat die Empire se konsentrasiekampe vol is van hulle en van byna g'n ander nie.** Die Ossewabrandwag en die S.J.'s is fanaties nasionaal, **maar hulle glo nie in 'n Nasionalisme wat net roem op die verlede nie — en dan weghardloop vir die toekoms;** wat mooi praat oor die Voortrekkers — en dan hul afstammelinge in krotte en ellende laat spartel; wat roem op die helde van Spioenkop — en dan die kleindogters van daardie geaneuwelde helde vir 'n hongerloon laat swoeg vir Joodse fabriekbase.

## Nasionalisme wat Sosiaal is

Ons glo in 'n Nasionalisme wat die Kapitalisme saam met die Imeprialisme beveg. **Nasionalisme teenoor die Imperialisme, Sosialisme teenoor die Kapitalisme.** En eintlik kan mens die twee nie skei nie, Mammon en die Empire. Dit is g'n toeval dat die grootste Imperialis wat Suid-Afrika ooit geken het, tegelyk ook die grootste Kapitalis moes wees — Cecil John Rhodes.

Ons ken almal die spreuk: „Trade follows the Flag". Inderdaad is dit nie juis nie. Geldbelang het meestal die Union Jack vooruitgeloop. Hoekom het Engeland die Kaap verower, en sodoende ons tot 'n noodlottige vyand geword? Die antwoord wat ons op skool geleer het was, omdat die Kaap op die seeweg na Indië geleë was. Maar hoekom moes die pad na Indië dan beveilig word? **Omdat die „East India Company" in Indië was en ten alle koste, ook ten koste van Frederik Bezuidenhout en sy kamerade op Slagtersnek, moes die belang van die aandeelhouers van die „East India Company" beskerm word.** Net soos 'n 80 jaar later die „Chartered Company" die eerste strooptog op die Transvaalse Goudvelde gemaak het deur dr. Jameson. Dividende moes verseker word — al moes die Boere-republieke bloedig ondergaan.

**Geagte mede-Brandwagte, Imperialisme en Kapitalisme is twee aspekte van dieselfde ding en hoe gouer die Nasionalisme en die Sosialisme ophou om apart teen hierdie tweekoppige reus te veg, hoe beter.**

## Nasionale Sosialisme

En in die Ossewabrandwag het die twee lewensopvattings mekaar vir goed die hand gereik en hul mik op die afskaffing van 'n Kapitalistiese Dominium en die daarstelling van 'n Republikeinse Gesagstaat, nasionaal en sosiaal in sy wese. **En ons sien ook in, dat mens in die komende sosialistiese bedeling die Internasionale Sosialisme — die Kommunisme — slegs deur 'n volkseie, 'n Nasionale Sosialisme kan keer.**

Want Kommunisme — die leer van die klassestryd — kan op hierdie swarte Kontinent slegs die ondergang van die blanke ras beteken. Die industrialisering van die wêreld bring die sosialisering onverbiddelik mee. Maar ons gaan met alle krag verhoed dat uitlandse, en meestal Joodse elemente hierdie onverbiddelike Tydgees uitbuit om 'n volk te breek en op te splits in klasse wat mekaar onderling moet uitroei — sodat die Bolsjewisme hoogty kan vier. **Bolsjewisering beteken in Afrika verkaffering — dit kan niks anders beteken nie.**

Die blote feit dat 'n toestand rewolusionêr ryp geword het is al vanself 'n bewys dat die bestaande orde gedoem is. Anders sou die rewolusie nie gekom het nie. Om vir 'n nuwe ekonomiese wêreld te veg en darem die ou bedeling, waar die geld die baas was en die mens sy dienaar, te behou en dit op te lap is futiel. **Help eerder die ou kapitalistiese stelsel breek en skep 'n nuwe wêreld, waar die Nasionalisme behou word en waar die Sosialistiese stroom ingeskakel word. Opdam kan jy dit nie. En daardie weg tree die Ossewabrandwag aan, noudat hy die afweerstryd om sy bestaan gewen het en weet dat hy nie ondergaan nie.**

## S.A. se Belang Mag Britte nie in Wiele Ry

'n Kommissie wat ondersoek moes instel na die Unie se handelsvloot van drie skepe, wat tot dusver nog baie winsgewend was, het aan die Parlement gerapporteer dat dit nie raadsaam is om uit te brei nie. Een van die redes wat aangevoer word is dat die bestaande Britse rederye toereikend is vir die land se benodigdhede, en daarom sal dit nie „in die nasionale belang wees om stappe te doen wat moontlik hierdie dienste in die wiele sal ry nie".

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV BETIEF.
Telefoon 2-0212.

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6800.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

Hou Koers Na
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
Die Laan, Stellenbosch.

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

ONDERSTEUN U BLAD DEUR U ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN

D.E O.B., WOENSDAG, 1 MRT. 1944.

# Die Stellenboschse Toespraak

Saterdagaand, 26 Februarie 1944, het dr. J. F. J. van Rensburg, die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, 'n groot en epogmakende rede op Stellenbosch gelewer. Op hierdie datum het formeel 'n nuwe en ryker hoofstuk aangevang in die geskiedenis van die Ossewabrandwag en van die Afrikanervolk. Hierdie jong leier het op besadigde en beredeneerde wyse die toekomskoers van die Afrikanervolk aangedui, onomwonde aangedui, in die taal wat die volk ken en verstaan.

Die rede van die leier van die Afrikaanse Volksbeweging spreek vir homself.

Die feite wat in die rede opgestapel word is bekende feite en onweerlegbaar. Aan hierdie feite het hy nuwe en insiggewende betekenis gegee. Die ordening van die feite het getuig van die hoogste mate van leierskundigheid. Die hantering van die feite het die betekenis daarvan met 'n nuwe en skokkende helderheid openbaar.

Die les wat hierdie feite leer, het dr. Van Rensburg met insig en saaklikheid behandel. Met die nugterheid van 'n man wat met albei voete in die werklikheid staan, het hy die volksbeleid vir die toekoms aangedui. Alleen deur middel van die stiptelike uitvoering van hierdie beleid kan die Afrikanerdom se voortbestaan verseker word — nie alleen as 'n vrye en onafhanklike volk in die volkery nie, maar ook as 'n sosiaal-beveiligde volk, vry van uitbuiting en kommer oor die dag van môre.

Dit is net maar die werklike groot geeste, die natuurlike leiers van 'n volk, wat uit die magdom van platvloerse feite om hul heen, die essensiële waarhede kan uitsif om daarvolgens die volk se toekoms te rig. Dit is wat dr. Van Rensburg met hierdie toespraak van hom gedoen het.

Belangrik, ten opsigte van hierdie toespraak, is die tydigheid daarvan. So baie welmenende maar swak leiers, pak 'n stryd aan, net te vroeg of net te laat, tot hul eie ondergang en die onberekenbare skade van die volk. Gesien in die raamwerk van die tye waarin ons leef, en meer bepaald gelet op die heersende toestande in Suid-Afrika vandag, moet erken word dat dr. Van Rensburg die volk aangegord het tot die sosialistiese stryd op 'n besonder tydige en moontlikheid-ryke oomblik. Dit is van die uiterste belang vir die welslae van die stryd.

Dr. Hans van Rensburg het homself Saterdagaand op Stellenbosch weereens openbaar as die enigste natuurlike leier van die Afrikanerdom van hierdie geslag.

## DIE K.G. SÊ:—

**As bewys van ons eerbied vir 'n Piet Retief en 'n Paul Kruger gaan die Ossewabrandwag sorg dat hul afstammelinge 'n ordentlike bestaan kan maak in hul enigste vaderland.**

### Rommelverwerking

- Torring mudsakke los, was en trek oor. Dit maak lekker warm komberse.

## ARBEID VIR DIE VOLKSBESTAAN

Die arbeid van die volk lê ten grondslag van die O.B. se volks-eie sosialisme. Om die arbeidsgedagte van die beweging te ken, is waarborg vir 'n gesonde begrip van sy sosialistiese strewe.

Aan die hand van die volgende stellings, het prof. dr. G. G. Cronje, lid van die Grootraad van die Ossewabrandwag, en hoof van die beweging se afdeling Volkswelsyn, op die 10de jaarlikse kongres van die A.N.S., die betekenis van arbeid vir die volksbestaan, aangedui:—

- Die volksgemeenskap word deur die arbeid in stand gehou.
- Alle arbeid wat die instandhouding van die volk dien, is noodsaaklik. Hierdie opvatting verwerp dus vanself alle anti-sosiale gedrag, alle uitbuiting en alle parasitiese bestaan.
- Alle arbeid wat vir die instandhouding van die volksgemeenskap noodsaaklik is, is goed en edel; en geen sodanige arbeid is 'n skande nie.
- Alle werk van watter aard ook al, is arbeid.
- Die arbeid van die volksgemeenskap maak een omvattende geheel uit met samehangende arbeidsvertakkings (die onderskeie beroepe of bedrywe) sodat die volk wesentlik 'n arbeidsgemeenskap is.
- Omdat hulle almal aan dieselfde volksarbeid aandeel het, is volksgenote dus arbeidsgenote en is volksgenote in die arbeid van mekaar afhanklik.
- Met die oog op sy volwaardigheid en selfgenoegsaamheid in die arbeid moet elke volksgemeenskap sy eie arbeid self verrig.
- 'n Volk wat sy eie arbeid nie self verrig nie, neem af in arbeidsaamheid en dissipline en sal op die lange duur dekadent word.
- Die sin van die arbeid is dat dit skeppende diens is—nie blote broodwinning nie.
- Die maatskaplike geregtigheid eis dat elke mens aan die volksarbeid sy regmatige aandeel moet hê en vir daardie taak deeglik toegerus moet wees.

## Min of Meer Belangrik.

### *Europese Volke-Familie*

„In Londen waar hulle reeds vanaf 1936 hierdie oorlog beraam, het die jagter nou die gejagte geword. Wat ookal die afloop van hierdie oorlog gaan wees, Engeland het sy posisie op die vasteland verloor. Dit is nie langer 'n geval van die handhawing van die ou magsewewig nie, maar: wat sal uit hierdie oorlog voortspruit? Sal dit 'n Europese volke-familie wees, verteenwoordig deur sy sterkste staat, of 'n bolsjewistiese kolos? Duitsland veg in hierdie oorlog nie net vir homself nie, maar vir die hele Europa,"—Adolf Hitler.

* * *

### *Die Rewolusie van die Twintigste Eeu*

„In Duitsland het die Jode alle mag verloor. Die Jode wat hierdie oorlog begin het, sal onwetend bydra tot die verspreiding van die nasionaal-sosialistiese leerstellings na ander volke. Die wêreldstryd van 1939 sal geboekstaaf word as 'n herhaling op 'n reusagtige skaal van die fase, waardeur die nasionaal-sosialistiese beweging sedert 1920 gegaan het. Toe het die nasionaal-sosialistiese leerstellings onder die Duitse volk verbrei. Nou sal die huidige stryd die oë van alle volke omtrent die Joodse vraagstuk oopmaak. Ander lande sal daartoe kom om Duitsland se anti-Joodse maatreëls as 'n presedent te beskou, wat die moeite werd is om na te volg en as 'n natuurlike stap om te doen. Miljoene soldate wat nou aan die fronte veg, sal oral die propagandiste van die nasionaal-sosialistiese leerstellings word."—Adolf Hitler.

## CHURCHILL SE OORSIG VAN DIE OORLOG

Die Britse Premier het verlede week vir die eerste maal sedert September 1943 weereens 'n oorsig van die oorlog in die Laerhuis gegee. Hierdie toespraak, soos die toesprake van alle regeringshoofde van oorlogvoerende lande, verdien om noukeurig gelees te word. Hoe dit gelees moet word, vertel Churchill self toe hy, op vrae in die Laerhuis, die sensuur op die oorlogsberigte van Britse korrespondente in Italië verduidelik het. Volgens Churchill behoort woorde soos „desperaat" nie gebruik te word as hulle onjuis is nie „en nog minder as hulle waar is". As die Britse Premier dus 'n resep vir oorlogskorrespondente aan die hand gee, dan geld hierdie resep ook vir sy eie toesprake. Alle oorlogsberigte is immers onderworpe aan die sensuur en dra dus 'n offisiële stempel. Ook Churchill moet in ernstige oorweging neem hoe 'n gekompliseerde gehoor — die tuisfront, die bondgenote, die neutrale wêreld en die vyand — op sy toesprake sal reageer.

### Die Toespraak Self

Hy het die toespraak begin deur vas te stel „dat hy nooit die sienswyse gehad het dat die einde van die oorlog in Europa voor die deur staan of dat Hitler op die punt staan om in te stort nie en dat hy beslis geen waarborg gegee of verwagtings gewek het dat die Europese oorlog in 1944 sal eindig nie." Hierdie woorde getuig daarvan dat Churchill op die kort geheue van sy volk staat maak. Dit is tog algemeen bekend dat daar in 1939 en ook later min Britte was wat aan so 'n lang oorlog geglo het en hiervoor is die Britse propaganda en veral Churchill self verantwoordelik.

Na die Britse Premier sy onsekerheid oor die duur van die oorlog gestaaf het deur te wys op „die krag van die Duitse leër", die „hoë veggehalte van die Duitse troepe" en die „bekwaamheid van die Duitse generale staf" het hy met die gebruiklike en welverdiende lof vir die Rooi leër voor die dag gekom. Vervolgens het Churchill hom tot die kritici in Rusland en Amerika gewend wat beweer dat Brittanje nie sy volle gewig in die stryd werp nie. In hierdie verband het hy uitgewei oor die aandeel van Brittanje in die oorlog. Byna een-derde van die offisiere en matrose waaroor die Britse vloot aan die begin van die oorlog beskik het, sou gedood wees. Byna 50,000 loodse en lede van vliegtuigbemannings sou sedert die begin van die oorlog gedood of vermis wees en meer as 10,000 Britse vliegtuie sou verlore gegaan het. Hierdie swaar Britse verliese sou egter nie tevergeefs wees nie, want deur die Angel-Saksiese oorlogspoging sou belangrike Duitse stryd-magte van die Russiese front afgewend wees. Sonder om afbreuk te doen aan die Russiese oorwinnings, aldus Churchill, moet uit billikheid teenoor die Westelike bondgenote verklaar word dat hul optrede die Sowjet-unie gehelp het.

### Lugaanvalle op Duitsland

Die Brits-Amerikaanse lugaanvalle op Duitsland en veral die intensivering daarvan in die jongste tyd geniet besonder baie ruimte in Churchill se toespraak. Hy is erg hoopvol oor die uitwerking van hierdie lugaanvalle op Duitsland. Nie alleen sou die Russe veel hierdeur gebaat word nie, maar dit sou ook die fondament vorm waarop die planne vir 'n inval oor see gegrond is. Churchill is origens besonder swygsaam oor die beloofde tweede front in Wes-Europa. Dit lyk selfs of die tweede front nog 'n keer verskuif gaan word, want volgens die Britse Premier moet die Brits-Amerikaanse lugaanvalle op Duitsland „as ons vernaamste offensiewe poging vir die huidige beskou word." Dit kan wees dat Churchill hiermee bedoel om die vyand te mislei. As 'n werklike inval moet plaasvind dan mag die „huidige", weens natuurlike faktore, nie te ver in die toekoms strek nie anders sal die inval weer 'n paar maande moet wag.

### Italië

Oor die veldtog in Italië was Churchill nie baie spraaksaam nie. Hy het in elk geval nie die inname van Rome en die mars na die Brenner in die vooruitsig gestel nie, maar toegegee dat „baie mense teleurgesteld is met die vordering wat daar gemaak is sedert die verowering van Napels in Oktober." Hy gee die skuld aan die ongunstige weersomstandighede en die hardnekkige weerstand van die Duitsers. Hy verklaar dat Hitler se besluit om tot soveel as 18 divisies na Suid-Italië te stuur en daar 'n groot tweede front te skep, nie vir die Geallieerdes onwelkom is nie „In hierdie oorlog moet ons êrens teen die Duitsers veg, tensy ons moet stilstaan en die Russe aanskou". Hierdie verklaring van die Britse Premier is, om die minste te sê, 'n bietjie eienaardig.

### Pole en die Balkan

Vir die vlugteling-regerings van Pole, Suid-Slawië en Griekeland wat onder Britse beskerming staan, bevat die Churchill-toespraak weinig aangenaams. Veral in eersgenoemde twee lande waar ook die Russe belange het, is dit duidelik dat die Britse regering vir Moskou gekapituleer het. As die Geallieerdes die oorlog wen, dan sal Pole 'n stuk van sy land aan Rusland moet afstaan. Kompensasie ten koste van Duitsland is al wat aan die Pole beloof word. In Suid-Slawië is dit nie langer koning Petar, eenmaal genoem Petar die Grote, en Mihailovich wat die gunstelinge is nie, maar die Russiese beskermling Tito. Die Britse afhanklikheid van die Rooi leër het in die Churchill toespraak baie duidelik tot uiting gekom.


**BASAAR**

Die Gemeente van die Nuwe Kerk hou 'n Basaar in die

**HERTZOGSAAL**

**Buitekantstraat**

**KAAPSTAD**

op

**Saterdag, 4 Maart 1944**

om 10 uur v.m.

Alle vriende word hartlik uitgenooi om van die heerlike boergeregte te kom koop.

*Middagete sal bedien word.*

**BRITS ROEP U ! !**

op

**SATERDAG, 4 MAART 1944**

wanneer vanaf 10.30 v.m. tot 10 n.m.

**AMAJUBADAG**

**(VRYHEIDSDAG)**

FEESTELIK GEVIER SAL WORD.

KOM LUISTER NA ONS ...........

**KOMMANDANT-GENERAAL**

**(Dr. J. F. J. van Rensburg)**

en geniet ...........

Wors, Pannekoek, Koffie, Lekkernye, Toutrek, Jukskei ens.

**Ondersteun U Volksbeweging.**

# Die Kommandant-Generaal oor die Rewolusionêre Kern van die Volk

**Op Maandagaand, 21 Februarie, het die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, 'n baie geesdriftige vergadering in die stampvolle Hofmeyrsaal, Kaapstad, toegespreek. Genl. G. Retief het as voorsittende offisier opgetree. Die saal was met vlae behang en die O.B.-blaasorkes het verfrissende musiek verskaf.**

### KAPELMEESTER BEVORDER

Hierdie orkes, onder die bekwame leiding van veldkt.-Kapelmeester Swanepoel, is die eerste blaasorkes wat die O.B. opgerig het; en as blyk van waardering vir die uitstekende baanbrekerswerk deur hulle verrig en die nougesette nakoming van hul pligte, het die K.G. 'n aanstellingsertifikaat aan die kapelmeester oorhandig waardeur hy in rang bevorder is tot Kommandant-Kapelmeester.

### DIE O.B. EERSTE

Die Komdt.-Genl. het verkla[illegible] dat dit die eerste vergadering in K[illegible]stad is wat hy toespreek en waar[illegible] genl. J. A. Smith afwesig is. Vir d[illegible] laaste vyf jaar alreeds stel hierdie off[illegible]er die Ossewabrandwag eerste — vóór homself, en sy gesondheid, vóór sy vrou en kinders. Vandag skaam hy hom dat 'n uitgeputte liggaam tydelik van hom verg om te herstel en sy werk nie te verrig nie. Sy gees weier om, selfs tydelik, terug te staan solank 'n vinger nog aan die trekker van 'n geweer kan vat. Ek hoop om saam met so 'n man end-uit te hou, het dr. Van Rensburg gesê.

### 'N ERESKULD

Dit word die O.B. somtyds verwyt deur sy vyande, dat die beweging so baie geld insamel, het die K.G. gesê. Maar ek sê u, dat vir Noodhulp verreweg meer geld ingesamel word, as die totale bedrag wat vir die doeleindes van die gewone administrasie van die O.B. gevorder word. Desnieteenstaande is die Noodhulpfonds dikwels nie toereikend vir die leniging van die heersende nood nie. **In die kampe van die Empire sit talle van ons kamerade. Hulle vrouens en kinders is sorgelaat aan u en aan my genade.** Dis 'n ereskuld wat op ons skouers rus, en dis 'n ereskuld wat geen ordentlike Afrikaner sal wens te ontduik nie, het die leier uitgeroep.

As voorbeeld van die erns waarmee hierdie fonds deur die O.B. bejeen word, dien die optrede van sekere senior offisiere van die beweging wat borg geteken het by die bank vir hierdie fonds en sodoende al hul aardse besittings ten behoewe van die saak verpand het, het die K.G. meegedeel.

### DIE TWEE MATE

Onlangs het The Star 'n bitter en bytende artikel gepubliseer, wat gehandel het oor die ellendige lot wat 'n naturel in Natal getref het. Hierdie naturel is nl. 'n paar weke in die tronk aangehou sonder verhoor. Hierteen protesteer The Star en tereg ook **maar wat van die Afrikaners wat vir ses tot ag maande in die tronke aangehou word, sonder verhoor, en selfs sonder regsadvies, het die Komdt.-Genl. gevra? Dit is die soort behandeling wat die rewolusionêre kragkern van die volk al vir meer as vyf jaar moes verduur.** Waarom gebruik die regering middels wat 'n verkragting van elementêre regsbeginsels is vir die vervolging van hierdie nasionale strydkern van die volk? En waarom skop The Star en ander waghonde van die demokrasie nie 'n bohaai oor hierdie miskenning van die gereg op nie?

Die Noodregulasies mag wettig wees, maar hul is skreiend onregverdig.

Die vlugtende jong S.J. word hard veroordeel en vir hom tree geen „demokratiese waghond" in die bresse nie. Die Afrikanerseun van durf en daad wat in sy stryd vir die vrywording van sy volk — in sy oorlogsaksie — die letter van die wet oortree, word met noue strengheid verfoei. Maar die Dept. van Justisie, wat in sy hoedanigheid as die beskermheer van die gereg, alle elementêre regsbeginsels laat links lê en daardie hoeksteen van die beskaafde regspleging — die habeas corpus — onder sy voete vertrap, word nie weens sy oorlogsaksie veroordeel nie.

Waarom moet die S.J.-seun en die Dept. van Justisie met twee mate gemeet word? het die K.G. gevra.

### SELFRESPEK

Toe 40 jaar gelede 'n Engelse krygsgevangene, ene Winston Churchill uit die modelskool op Pretoria ontsnap het, het die hele Engeland gejuig. **En toe onlangs 14 stormjaers uit die Fort op Johannesburg ontsnap het, word dit die O.B. kwalik geneem as hulle daarop trots voel.**

Net soos Engeland destyds die nodige selfrespek gehad het om te juig oor die prestasies van sy helde, in net so 'n ruime mate besit die Ossewabrandwag dit vandag ook. Hierdie manne is besig om die stryd voort te sit wat hul vaders gestry het, het dr. Van Rensburg verklaar.

### DIE STRYD GAAN VOORT

Die vaders van een van hierdie Afrikaners het na my toe gekom en verklaar, aldus die K.G., dat toe genl. De Wet, 25 jaar gelede in die Fort gesit het, weens hoogverraad, is hierdie seun gebore. Hy is gedoop De Wet Venter. En vandag, 'n geslag later, het hy in dieselfde Fort beland, omdat hy besig is om dieselfde stryd te stry wat genl. De Wet gestry het. Net soos vir De Wet het die Fort hom ook nie gehou nie.

**Vandag is daar mense wat verklaar dat genl. De Wet 25 jaar gelede 'n held was, maar dat De Wet Venter vandag 'n rampokker is.**

### DIE REWOLUSIONÊRE KERN

Ons staan vandag in 'n tydperk waar wêreldryke ondergaan; in die tydperk van die kommunistiese rewolusie, het die Komdt.-Genl. voortgegaan. 'n Rewolusie kan net met 'n ander een gekeer word, m.a.w. deur middel van 'n kontra-rewolusie. In die laaste vier of vyf jaar is daar 'n rewolusionêre kern van aktiewe Afrikaners opgebou en saamgesmelt tot 'n geloofsgemeenskap. **Die Franse Rewolusie is gemaak in die Bastille, die haatlikste tronk in die Parys van destyds. Die kontrarewolusie in Suid-Afrika word gemaak in die kampe en in die tronke van die Empire,** het die K.G. uitgeroep. In Suid-Afrika sal die kommunisme hom teen die Ossewabrandwag te pletter loop. Die mense wat vandag die S.J.'s rampokkers noem, moet bedink en onthou, dat hulle die eerste soldate van die Sosiale Afrikanerdom is.

### VERBY DIE KRISIS

Die enigste middel teen 'n rewolusionêre element is 'n ander rewolusionêre mag, het die K.G. beklemtoon. En hoemeer die O.B. vervolg was deur die regering en verraai was deur die opposisie, hoe meer rewolusionêr het hy geword. Die man wat vandag 'n regerings-ondersteuner is, is nie noodwendig 'n kommunis nie — net, hy het sy krisis-uur nog nie bereik nie, en wanneer hy hom kom kry, sal dit op hom wees. Die hele Ossewabrandwag het reeds die krisis deurgemaak, en het in murg en been rewolusionêr geword.

Die K.G. het voorgelees uit die boek van Stalin: 'Foundations of Leninisme' Lg. verklaar dat die kommunisme soms van taktiek moet verander maar dat sy strategie konsekwent dieselfde bly. Daar was 'n tyd in die geskiedenis van die Kommunistiese Party in Rusland toe dit nodig geword het om sy magte te ontplooi en te versprei ten einde sy stryd ondergronds voort te sit. Dit het oënskynlik vandag weer nodig geword vir die Kommunisme om van taktiek te verander, het die K.G. gesê, maar dit moet onthou word dat sy strategie dieselfde bly. Die ontbinding van die Komintern beteken dat Wêreld-Kommunisme sy stryd ondergronds gaan voortsit. En die verlening van outonomie aan die sestien samestellende republieke van die Sowjet-Unie is eenvoudig maar die verspreiding of die ontplooiing van die kommunistiese magte. Die strategie is nog steeds dieselfde.

**Daarom weet ons ook in hierdie wêreldstryd aan watter kant ons simpatie is. En ons glo daaraan dat mens met 'n vriend enduit marsjeer, het die leier gesê.**

**Wanneer die botsing kom met die kommunisme, gesteun deur die komintern, sal die Ossewabrandwag, gelouter in die tronke en die kampe, die belangrikste bolwerk daarteen wees. In hierdie land gaan die Ossewabrandwag die stryd vir die Afrikanerdom wen, het dr. Van Rensburg besluit.**

Die Kommandant-Generaal is baie hartelik verwelkom deur die Gebiedsleier, genl. F. D. du T. van Zyl, wat verklaar het dat dit altyd inspirerend is om die optimisme en die strydmoe digheid van die leier te ervaar. Sowel die Gebiedshoofgeneraal as die Gebiedshoofvrou het die aanwesiges opgeroep om ten opsigte van Vryheidsdag en die Noodhulpfonds hul plig nie te versuim nie.

### ERSATZ- C.I.D.

Na die orhandiging van die Johannes van der Walt-verklarings aan die Minister van Justisie en die ontdekking van „Vrymesselaarsbriewe" deur partypolitieke leiers, het sommige hul dienste ook glo verder aangebied aan die speurders wat op Afrikaners se spore is. Hul ontwikkel van L.V.'s tot 'n soort Ersatz-C.I.D. Aldus die K.G.


Waarde vir geld



Kommando -sigarette

£1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

*DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ____________________

Naam ____________________

Adres ____________________

(O.B., 1 Maart 1944)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
**Adresveranderinge:** 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**VOSLOO.** — Aan Asst. Veldkt. en mev. A. F. Vosloo, Port Elizabeth, (Kommando B5a1), 'n welgeskape Brandwag-seun op 13 Februarie 1944. Naas die Heer dank aan verpleegster. Lank lewe die Ossewabrandwag!

**TERBLANCHE.** — Van die Heer ontvang op 15 deser, 'n fris Brandwag-seun. Naas die Heer dank aan geneesheer en staf van Kraamafdeling, Provinsiale Hospitaal, P.E. Ockert en Tossie, Humansdorp.

### IN MEMORIAM

**FRANKEN.** — In liefdevolle herinnering aan my suster Johanna, my vooruitgegaan op 24 Feb. 1943.

Ander mag dink dat ek vergeet het,
As hul somtyds my sien lag.
Maar hulle weet nie dat daaragter
'n Hart van verlange smag.

Haar verlangende suster Lettie.

### BENODIG

DRINGEND benodig, Aga of Esse stoof. Sal enige persoon wat een of ander van hierdie stowe te verkoop het, asseblief dadelik in verbinding tree met **F. S. Olivier, P/s. Oudeland, Graaff-Reinet.**

INGENIEUR by Marshall 30vt. 6dm. Mieliedors en Fordson Trekker. Goeie vooruitsigte. Doen aansoek om volle besonderhede by: **Mnr. I. G. J. du Preez, Erfenis, Bethlehem.**

### PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

### BETREKKING VAKANT

Dringend benodig; 'n flukse, ongetroude, opregte O.B.-Afrikaner, as voorman op vrugte en wynplaas. Begin salaris £6 per maand met vrye inwoning. Doen aansoek by:— **P. C. Malan, Bus 69, Wellington.**

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener. Klip Rivier. P.K. Speelmanskraal, George.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

EK bied aan teen groothandel pryse, eersteklas kwaliteit lakenlinne, 54 duim breed, teen 7/6 en 75 duim breed teen 9/- per jaart. Nog net 3 paar besonder sagte kwaliteit klaargemaakte lakens 64 x 96 duim teen 50/- per paar. Seuns onderhemde 26 en 28 teen 5/1 elk. Mans No. 4 kort onderbroeke met rek-lyfie 6/6 elk. **Nico Barnardt, Toverwater, Pos Uniondaleweg-Stasie.**

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernseybeestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

### TE KOOP

KOLJANDER en Wortelsaad direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. **P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertroë. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNEBURG.**

Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.
Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somer planting.
Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (2)

**ONDERSTEUN ! ! ! !**

**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10. .. HUGENOOT. K.P

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK ?
Besoek dan
**RAUTENBACH'S**
DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

**GILFILLAN en STROH**
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

**G. A. FICHARDT, Beperk**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

**P. E. WILKEN**
MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR
Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)
Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## *VERJAARDAGKETTING*

**2 Maart:** Johanna Leonard, Eppingtuindorp; Maria Catharina Marais, Port Elizabeth; Cornelia Susanna Smith, Tiervlei; Mathys Otto, Tiervlei; Johanna C. Marais, Loxton.

**3 Maart:** Stefanus J. v. d.Merwe, Kromrivier; Martha Marais, Paarl; Gideon Phillipus van Eck, Port Elizabeth; Elaine v. d. Spuy, Paarl; Marjorie Swanepoel, Paarl.

**4 Maart:** Magdalena Barnard, George; A. C. Visser, jnr., Paarl; Elsie Minnaar, Southfield; Kobus Meyer, Leeudoornstad; H. Lombard, Somerset-Oos; Steven Andries Kleynhans, Kirkwood; Jacobus Swanepoel, Tiervlei.

**5 Maart:** Petronella H. Meyer, George; Vivian van Zyl, George; Pieter Francois Theron, Merweville; Gert Slabbert, Paarl.

**6 Maart:** Elmine Roux, Paarl; Willem Erasmus, Maribogo; Elmarie le Roux, Franschhoek; Johan Malan, Wellington; Hendrik L. Young, Vryburg; Hendriena C. le Roux, P.Potgietersrust.

**7 Maart:** Dora Visser, Stellenbosch; Jan H. Duraan, Grootdrink; Jacomina Hanekom, Paarl; Susanna Pelser, Johannesburg.

**8 Maart:** Aletta H. Smith, Beaufort-Wes; Letta Liebenberg, Paarl; Hendrik Bothma, Merweville; Marie van Zyl, Stellenbosch; Philip R. Nel, Kirkwood; Loraine Nel, Kirkwood; Christina J. Williams, Kirkwood; Josef Strauss, Daljosaphat; Kosie Siebrits, Franschhoek; Ellie J. W. Flok, Beaufort-Wes.

**Rommelverwerking**

● Popbedjies kan van skoendose gemaak word. Laat die deksel regop staan en verfraai met gordyntjies en valletjies.

**PLUIMVEE**
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:
C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK,
Posbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

**DIREK VAN FABRIEK AAN BOER**

Kapkartuie £9, Swaar £12; Enkel Kartuig £8; Muiltuie £15; Donkietuie £6, met stringe £7; Tome vir muile 15/-, vir perde 12/6, Donkies 6/-; Ligte Halters 5/-, Swaar 8/6; Saals met buikgort kompleet £4; Boere saals met sagte sitplek £6; Borsplate vir Donkies (lig) 5/-; Swaar 7/6; Borsplate vir Voormuile £1-5-0, agter £1-7-6.

K.M.B. Onmiddellike aflewering op ontvangs van Bestellings. Tevredenheid gewaaborg.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

**DE KOCK se GARAGES**

| | |
|---|---|
| Foon 110 | Foon 16 |
| Voortrekkerstraat, | Herefordstraat, |
| MIDDELBURG, | GROBLERSDAL, |
| Transvaal. | Transvaal. |

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS ! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.

**VAN ZYLS**
HOOFSTRAAT, PAARL.
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
RAADPLEEG ONS VIR TENNIS-BENODIGHEDE
Groot verskeidenheid Rakette in voorraad
Herstel en Hersnaring van Rakette word onder toesig van deskundiges gedoen
OOK OP — — — PORTERVILLE

## DIE K.G. OP MOORREESBURG

Voor 'n besonder groot en geesdriftige gehoor het die K.G. Woensdagaand, 23 Februarie, in die stadsaal op Moorreesburg, opgetree. Van oral uit die Swartland het Afrikaners na hierdie vergadering gestroom, totdat hulle getalle naderhand tot oor die sewehonderd aangegroei het. Die saal wat vrolik met O.B.-vlae en baniere versier was, het 'n gepaste agtergrond geskep vir die kommandant-generaal se stryd-rede.

Die voorsittende offisier, komdt. M. M. du Toit het versoek dat hoofkomdt. Dirk Kotze die K.G. op Moorreesburg sal verwelkom — 'n taak wat laasgenoemde dan ook met smaak en op behendige wyse uitgevoer het.

'n Kenmerk van die vergadering was die groot aantal vroue, in hul wit rokke, wat in 'n blok bymekaar gesit het, en kleur en atmosfeer aan die verga[illegible]ring verleen het.

[illegible] voor die vergadering 'n aanvang ge[illegible] het, is een van die skilderstuk[illegible] deur kommandante Furguson wat [illegible] aan die O.B. geskenk het, opgevei[illegible]en behoewe van die Noodhulpfonds.

Die Kommandant-generaal het op heldere en pakkende wyse die sosialistiese wekroep van die Ossewabrandwag aan die gehoor, wat oorwegend uit boere bestaan het, verduidelik. Die leier het beklemtoon dat die plaasdogter en -seun van vandag die stedelike werknemers van môre is. Ons volk is 'n eenheid — in die stad of op die platteland. Saam moet ons val of saam moet ons staan. Voortbestaan kan ons alleen deur die aanvaarding van ons volks-eie sosialisme, die enigste weermiddel teen die dreigende gevaar van kommunisme en die volk se afdoende antwoord op kapitalistiese uitbuiting.

Die gehoor het baie aandagtig geluister na die toespraak van die kommandant-generaal. Hul reaksie kon herhaaldelik waargeneem word deur die uitbundige applous waarmee die woorde van die K.G. telkens begroet is.

Hierdie baie leersame en geslaagde vergadering is afgesluit met die [illegible] van Die Stem van Suid-Afrika.

## NUUS UIT NYLSTROOM

Ons korrespondent op Nylstroom berig soos volg:

Die Zandfonteinse Toneelgeselskap het met die opvoering van „Afrikanerbate" die mooi bedrag van £36 8s. geïn. Dis gestort in die Noodhulpfonds van kommandos F2 a2 en F2a5.

Die onwrikbare vertroue in die O.B.-leiding is treffend geïllustreer deur die handelswyse van veldkt. en sersante F. J. Jacobs, toe hulle onlangs hul jongste seuntjie moes laat doop. Hulle het die Grootraad van die Osswabrandwag as enigste getuie oor die jong brandwaggie benoem, aangesien hulle albei voel dat die bestaansveiligheid van die opkomende geslag uitsluitlik berus by die Ossewabrandwag. Hierdie klein Jacobsie is in die Ned. Herv. Kerk op Nylstroom gedoop.

## Vroue-Kommando op Winburg Verower Wisselprys

Die Vrystaatse Gebiedskwartier maak bekend dat die skildery wat genle. mev. J. S. du Toit aan die Gebied geskenk het om as wisselprys te dien vir die kommando wat die hoogste bedrag per lid met Ossewabrandwagdag insamel, vanjaar toegeken is aan die Vrouekommando van Winburg, C5a6. Waarskynlik het hierdie kommando die hoogste bedrag per lid in die Unie ingesamel, nl. £5-2-1 per lid.

Dit is vir Die O.B. 'n voorreg om hierdie ywerige vroue van harte geluk te wens met die heel besondere prestasie wat hul bereik het.

**Rommelverwerking**

● Kersvet, paraffien en rooiklip maak goeie stoeppolitoer.